ALGEMENE VOORKOMSKODE

1. TOELAATBARE JUWELE

1.1 'n Klein pêrel- of diamant-oorbelletjie -of oorringetjie (3mm deursnee); slegs een paar in die onderste oorgaatjie.

- Polshorlosie.

- Lapelwapens wat 'n prestasie of betrokkenheid in skoolverband aandui.

- Mediese armkettinkies wat 'n allergie aandui.

- Geen tongringe, neusringe of tandjuwele word toegelaat nie. .

1.2. Onaanvaarbare juwele sal afgeneem word en in die kluis geberg word tot die einde van die betrokke kwartaal.

1.3. Tatoeëermerke moet verbloem word.

2. HARE

2.1 Hare is deurgaan netjies geknip, gekam en versorg.

2.2 Lang hare word vasgebind met voorgeskrewe knippies, rekkies en linte in rooi.

2.3 Kuiwe mag nie oor die wenkbroue/in die gesig hang nie.

2.4 Haarkleur is stylvol en natuurlik. Indien hare onnatuurlik gekleur is, mag die leerder nie die Skool verteenwoordig nie, mag sy ook nie skoolgeleenthede bywoon nie, en mag sy gevra word om die hare eers "reg" te kleur voor sy weer klasse mag bywoon.

2.5 Seuns se hare moet netjies gesny word. (Lang hare sal nie geduld word nie).

2.6 Seuns wat nie aan die harekode van die skool gehoor gee nie, mag geensins aan sport of skoolgeleenthede deelneem nie (sogeneemde leerder kan gevra word om tuis te bly tot hare netjies gesny is).

2.7 Meisies se hare moet netjies gekam of geborsel word voor dit in ‘n poniestert of bolla gevorm word.

3. NAELS

3.1 Naels moet netjies versorg en nie te lank wees nie.

3.2 Kleurlose naellak is toelaatbaar.

3.3 Geen “nail art” word toegelaat nie.

3.4 Geen vals naels of oogwimpers word toegelaat nie.

3.5 Matriekleerders mag kort netjiese Frans gemanikuurde naels dra.

4. GRIMERING

4.1 Geen grimering word saam met die amptelike skooldrag of sportdrag gedra nie.

5. KLEREDRAG TYDENS CIVVIE-DAE

5.1 Civvie-dae word hoofsaaklik gehou om nasionale liefdadigheidsdae en verdienstelike projekte te ondersteun en Hoërskool Cradock se omgee-waarde te beklemtoon.

5.2 In ruil vir die voorreg om informele drag te dra, betaal die leerders en personeel ‘n minimale fooi.

5.3 Die kleredrag tydens hierdie dae ondersteun die waardes van respek en afgerondheid wat Cradock voorstaan.

5.4 Daar word van die seuns/dogters verwag om fatsoenlik en gepas geklee te wees vir skool, sonder om enige iemand met hulle kleredrag aanstoot te gee.

5.5 Daar moet verhoed word dat civvie-dae in 'n modeparade met die nuutste modegiere ontaard, maar die meisies word die geleentheid gegun om iets van hul persoonlike styl en individualiteit te toon omdat dit ook 'n manier is waarop ons hul leer ken

5.6 **Algemene riglyne:**

- Dra te alle tye skoene.

- Slaapklere en pantoffels word nie toegelaat nie.

- Gedurende die somermaande moet rokke, rompies en kortbroeke ‘n behoorlike lengte hê. Indien leerders versuim om hierdie reëling te volg, sal geen kortbroeke (dogters) toegelaat word nie.

- Dra klere wat nie liggaamsontblotend is nie (geen oop middellyne en lae halslyne nie).

- Geen onderklere mag sigbaar wees nie.

- Ligte grimering en naellak is aanvaarbaar.

- LET WEL: 'n afgeronde voorkoms komplimenteer ‘n seun/dogter.

6 Skeer (Seuns)

6.1 Seuns mag nie wangbaarde hê nie.

6.2 Seuns moet elke dag skeer soos nodig (stoppelbaarde nie toelaatbaar)

6.3 Seuns wat nie op hierdie reëls ag slaan nie, sal huis toe gestuur word om te skeer.

6.4 Seuns wat om een of ander mediese rede nie mag skeer nie, moet ‘n doktersertifikaat verkry van ‘n dermatoloog wat deur skool aangewys word.

7. ALGEMEEN

7.1 Leerders wat hulle nie hou by bogenoemde voorskrifte nie, sal gevra word om hulle voorkoms onmiddellik reg te stel voor hulle verder klasse kan bywoon.